

VERDUIDELIKING AAN DIE LEVUBUGEMEENSAP.

1. Die Gereformeerde belydenis oor gemeenskaplike besit.

Die idee en passie vir gemeenskaplike of sosialistiese besit is nie 'n idee en passie wat in Levubu, Pietersburg of Kaapstad as iets nuuts uitgedink is nie. Dit is 'n saak wat in elke geslag en elke gemeenskap van tyd tot tyd beleef word.

Die Gereformeerde kerke het van die begin af in hulle persoonlike geloofsoortuiging, en ook as deel van hulle amptelike geloofsbelydenis, die gemeenskaplike besit van goedere verwerp as 'n dwaling wat nie deel van die geloof of lewenswyse van die Gereformeerde kerke kan wees nie.

Hierdie verwerping van gemeenskaplike besit is deel van die amptelike geloofsbelydenis van die NG Kerk. Die Nederlandse geloofsbelydenis is reeds in 1559 opgestel. In 1563 het die Gereformeerde kerke in Frankryk dit as hulle eie belydenis aanvaar en in 1618 is dit deur die Nederlandse Gereformeerde kerke as belydenis aanvaar. Uit hierdie erfenis was dit van die begin af en is dit nog steeds die amptelike geloofsbelydenis van die NG Kerk.

Die deel oor gemeenskaplike of sosialistiese besit lui as volg:

“Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in hulle handelinge mag stuur”... sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid (1 Tim 2:2).

Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.” (Artikel 36 van die Nederlandse geloofsbelydenis.)

2. Gemeenskaplike besit is 'n omverwerping van owerheidsgesag en 'n versteuring van eerbaarheid.

Gemeenskaplike besit vernietig die gemeenskap en owerheid soos God dit bedoel.
--

Hierdie belydenis is nie maar sommer net 'n vroom idee wat uit die lug gegryp is en net tel vir die wat daarmee saamstem nie. Dit is 'n geloofsbelydenis oor hoe die owerheid aanvaar moet word en oor openbare eerbaarheid teenoor korrupsie binne die sosiale, maatskaplike, ekonomiese en politieke werklikheid van die dag soos God die gemeenskap regeer.

Die dorp Munster het 25 jaar voor hierdie geloofsbelydenis hulle self as 'n Christelike staat uitgeroep en gemeenskaplike of sosialistiese besit as beleid ingestel. Almal wat hulle nie aan hierdie sosialistiese orde onderwerp het nie is uit die stadstaat Munster verdryf deur die regering van die dag en hulle het hulle die reg toegeëien om almal wat teen hulle idealistiese staat is met geweld te beveg.

Dit is teen hierdie gekende staatsorde van Munster wat die Nederlandse geloofsbelydenis 'n geloofsverklaring maak.

Volgens ons geloofsbelydenis is sosialistiese besit nie maar net nog 'n manier waarop die wêreld kan werk nie. Dit is ook nie iets waaraan gelowiges hulle maar kan onderwerp net omdat die regering van die dag dit as beleid aanvaar het nie.

Dit word verwerp as 'n omverwerping van owerheidsgesag volgens die Woord van God. Die mense of owerheid wat hierdie visie aanvaar is nie maar net met nog 'n plan, nog 'n idee of nog 'n regeringsvorm besit soos ander wat almal maar ewe reg is nie.

Dit is 'n staatsorde teen die bedoeling van God met state.

Daarom is die staatsvorm van Munster as 'n vernietiging van die geloof en lewenswyse volgens die Woord van God verwerp ten spyte daarvan dat dit deur Christene gedroom is, ontwerp is en verklaar is. Dit is 'n staatsvorm wat die goeie orde van die staat self ondermyn en die orde in die gemeenskap versteur.

Gemeenskaplike besit vernietig die openbare eerbaarheid van die gemeenskap: dit is die bron van openbare korrupsie.

Wat is verkeerd met gemeenskaplike of sosialistiese besit? Dit vernietig openbare eerbaarheid en skep openbare korrupsie.

Hoe so? Want dit maak 'n skeiding tussen openbare aanspreeklikheid en openbare diens teenoor openbare besit. Besitreg en besittings, volgens die Woord van God, is nie iets wat losgemaak kan word van aanspreeklikheid en dienslewering nie.

Almal kan nie maar alles saam besit nie. Mens verkry besitreg en besittings alleen deur diens en aanspreeklikheid. Mens kry nie maar net sommer besittings net omdat jy een of ander natuurlike reg het daartoe nie. Daarom verloor 'n mens of gemeenskappe besittings en besitreg as daar nie meer diens gelever word of aanspreeklik geneem word nie.

Wie maak of God nie sy wêreld só bestuur nie, skep nie maar net nog 'n vorm van besit nie. Dit skep korrupsie van besit en besitreg.

Sosialistiese besit en besitreg maak alle besittings en besittingsreg korrup. Daarom is die korrupsie in só 'n stelsel nie iets wat reggemaak kan word met kundigheid en bestuur nie. Korrupsie is deel van wese van sosialistiese besit.

Binne sosialistiese besit sal die eerbaarheid van Christene misbruik word vir die korrupsie wat deel van die openbare lewe van 'n sosialistiese staat sal bly. Binne só 'n stelsel moet Christene volgens hulle geloof eerbaar werk en diens lewe, eerbaar verantwoordelikheid vir hulle dienste aanvaar, maar die vrug van hulle eerbaarheid word deur die korrupsie van gemeenskaplike of sosialistiese besit van hulle geroof en vervreem vir mense wat nie openbare diens lewer of openbaar aanspreeklik teenoor God en hulle naaste leef nie.

Daarom is dit 'n geloofsbelydenis dat Christene nie in 'n staatstelsel kan leef wat hulle beroof en vervreem van die vrug van hulle diens en verantwoordelikheid teenoor God nie.

3. Die sosialistiese beleid en visie van die vergadering van 19 Februarie 2004 in die gemeenskapsaal van Levubu.

Die hoofsaak van hierdie vergadering was 'n voordrag deur die regering van die dag oor wat hulle vir Levubu beplan en besluit het na die grondeise afgehandel is.

- 3.1 Die privaatgrondbesit van die mense wat tans wettig die grond as eiendom besit word deur die regering beëindig en die grond word aan die Vendagemeenskap gegee met die uitdruklike wetgewing dat dit nou gemeenskaplike besit is en nooit weer iets anders mag wees as gemeenskaplike besit nie.
- 3.2 Die mense wat die grond gemeenskaplik gaan besit is nie aanspreeklik of verantwoordelik vir landbou nie. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die persoon wat onderneem om landbou te beoefen.
- 3.3 Die persoon wat onderneem om landbou te beoefen het nie besluitnemings-bevoegdheid oor die landbou wat hy onderneem en alleen voor aanspreeklik gehou word nie. Dit word nou gesetel in 'n komitee waarin die arbeiders saam met die grondeienaars wat die grond gemeenskaplik besit. Die persoon wat die verantwoordelikheid neem om te produseer word aan hierdie komitee onderwerp
- 3.4 Alle finansiële insette en verantwoordelikheid is die ondernemer se aanspreeklikheid, maar hy mag net vir 'n gedeelte van sy eie onderneming se wins onderhandel wat na die wens en goeddunke van die instansie wat die gemeenskaplike besit verteenwoordig, besluit sal word.
- 3.5 Die landbouer wat onderneem om te produseer moet dit ook met die voorbehoud doen dat dit net 'n tydelik vergunning is en dat hy ook die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid dra om mense wat hierdie gemeenskaplike besit verteenwoordig moet oplei, asof hy 'n kollege of tegnikon verteenwoordig, sodat hierdie mense hom kan vervang in die produksie waarmee hy besig is.

Die instel van gemeenskaplike grondbesit en die afskaffing van privaatbesit is sosialisties. Die instel van arbeiderskomitees wat besluit hoe die ondernemer moet

produseer is kommunisties. Die voorbehoud dat jou doel is om ander mense op te lei om jou onderneming oor te neem – is slawerny.

Dit is nie my of maar net nog 'n ander se mening nie. Dit is die feite soos die regering dit aan die gemeenskap van Levubu voorgehou het en dit is die feite van Sosialisme en Kommunisme – geen privaatbesit en die beheer van die produksiemiddele deur die arbeiders, nie die ondernemers nie.

Hierdie beleid en beplanning van die regering is in stryd met die geloof en lewenswyse van die Gereformeerde Kerk soos dit nog in hulle belydenis verklaar word.

4. Die persepsie oor 'n gesamentlike onderneming tussen die landbouers en grondeisers om hierdie sosialistiese droom te verwesenlik.

Vir enige waarnemer van hierdie vergadering was dit feitlik onmoontlik as om iets anders te aanvaar as dat die teenwoordige landbouers en die grondeisers gesamentlik onderneem om hierdie sosialistiese beleid, soos dit deur die regering voorgehou is, te aanvaar.

Dit is met gloed uit die geledere van die landbouers as die rolmodel vir die res van Suid Afrika voorgehou. Daar was geen teenkanting teen die sosialisme of die kommunisme nie. Alle vrae was net oor tegniese punte oor hoe die onderneming uitgevoer gaan word. Die voorsitter het teenkanting teen hierdie model afgemaak as mense wat vyande van die staat is met kwaadwillige bedoelings. Die voorsitter het een vraagsteller uit die Vendagemeenskap gerus gestel dat dit nie net 'n plan vir Levubu is nie maar vir die hele land bedoel is.

Die wesenlike indruk wat die rolspelers in hierdie vergadering vir enige waarnemer gegee het – is dat daar 'n gesamentlike gees van onderneming is om van hierdie sosialistiese plan 'n sukses te maak.

5. My eie persepsies en belewenis oor die gang en inhoud van die vergadering.

5.1 Ek is in die voorafgaande week deur verskeie persone gevra of ek ook na hierdie vergadering toe gaan. Die indruk waarmee dit aan my deurgegee is, is dat dit 'n oop vergadering is vir die hele gemeenskap. Ek het besluit om dit nie by te woon nie. Die oggend vroeg is ek egter weer deur die ontsteltenis van 'n lidmaat bedag gemaak op die vergadering. Ek was weer eens onder die indruk dat dit 'n oop vergadering is waarin die regering die Levubu-gemeenskap kom toespreek. Ek het toe besluit om dit wel by te woon omdat dit so beslissend vir die hele gemeenskap geklink het. Die meeste persone om my in die vergadering was self nie grondeienaars nie.

5.2 Die voorsitter van die vergadering het die vergadering so hanteer dat daar in wese net een saak op die tafel was van begin tot einde: die sosialistiese plan vir Levubu na die grond by die privateienaars of gekoop of deur die wet onteien is. Besprekings het net gegaan oor die tegniese dele van tydskele en prosedures.

5.3 Ek was in die diepste wese van my menswees geskok oor die brutaliteit, die finaliteit en die heersugtigheid waarmee die voorsitter hierdie sosialistiese visie as die plan vir die

Levubu vallei namens die regering voorgelê het. Mense wat hulle nie aan hierdie visie gedienstig gaan maak nie sal volgens die voorsitter deur die mag van die wet gedwing word om hulle daaraan te onderwerp.

5.4 Net so geskok was ek dat die sosialisme en kommunisme nie teengestaan is nie, maar amper as vanselfsprekend gelate aanvaar is as net nog 'n manier waarop gewerk kan word en in die toekoms gewerk gaan word.

5.5 Ek was innerlik gebelgd oor wat die regering aan my gemeenskap se mense doen wat bereid is om hulle lewenslot te verbind aan Suid Afrika. Dat verantwoordelike, trotse, selfonderhoudende en ondernemende mense voor my sit in hierdie vergadering, wat ek meestal almal ken, in 'n magteloosheid teenoor 'n regering wat hulle teen hulle wil en beterswete dwing om iets te doen waarvoor ek in my hart weet nie een van hulle wil kies uit vrye wil nie en geen geloof in het nie, is vernederend.

5.6 Ek was woedend. Ek sit in 'n vergadering waarin my eie gemeenskap deur die regering gedwing word om te moet onderhandel oor hulle eie besit asof hulle geen besitreg het op wat hulle wettiglik het nie.

My gemeenskap se mense word geen eie reg gegun nie. Hulle het nie die gelyke reg van gemeenskaplike besit nie. Hulle mag net soos slawe, vervreem van die vrug van hulle eie hande arbeid, ander mense gedienstig oplei om die erfgename te word van bates wat hulle nie self produseer nie.

In my gemoed het ek my gemeenskap sien staan by die vrede van Vereniging – om die roof en stroping van die hebsug van ander gelate te moet aanvaar omdat jy nie die middele het om jou te verset nie.

Die vernedering het in my siel in gesny.

5.7 Ek was vervul met hartseer. Baie van die mense wat ek in die vergadering voor my sien sit het, weet ek in my hart is stukkend geboer deur droogte en vloede met kinders om te onderhou sonder 'n ander heenkome, baie het die lewenslus en passie wat hulle van kleintyd af in hulle harte gedra het om boer te wees verloor, party is so moeg vir wetgewing wat hulle gewoon net staatsamptenare op hulle eie plase maak dat hulle nie meer lus is om te boer nie, baie is mense wat nou in hulle oudag die vrug van al hulle arbeid as boere saam met hulle kinders moes kon geniet het, maar staan nou dreigende armoede in die stede in die gesig.

Ek was bedroef want ek het in die vergadering geweet baie – indien nie die oorgrote meerderheid – glo nie 'n woord wat gesê word nie, dink niks van die planne wat gemaak word nie, maar gebruik hierdie moontlike geldaanbieding as die laaste uitkoms vir 'n benoudheid wat geen ander raad meer het nie.

5.8 Ek het in die vergadering 'n diep gevoel van respek ervaar vir mense, lidmate, wat ek weet al glo hulle nie 'n woord wat hulle hoor – en al weet hulle uit eie verlies en ervaring

dat hulle net nog en weer 'n keer gestroop word van die vrug van hulle eie arbeid – hulle iets goeds probeer maak van 'n feitlik onwerkbaar situasie. Ook vir hulle wat hierdie doelbewuste verarmingsgreep van die regering op die gemeenskap, waarvan ek 'n lid is, te probeer omskep in 'n bate waarmee hulle 'n toekoms om 'n ander plek sal gaan skep.

5.9 Ek was ook innerlik skaam teenoor die Vendagemeenskap. Ek weet dat hulle steeds na ons opsien in al hulle grypsug en opportuniste. Daar is geen manier uit hierdie vergadering of soortgelyke vergaderings waaruit hulle kan weet dat die boeregemeenskap in sy oorgrote meerderheid nie glo in dit wat deur die regering voorgehou en opgedring word nie. Hulle sal met die innerlik gevoel dat hulle in 'n gesamentlike onderneming met die landbougemeenskap is, gaan werk aan 'n sosialisme wat hulle eie gemeenskap in die diepste ellende van armoede en hongersnood gaan versink, terwyl die grootste deel van landbougemeenskap wat hulle onder hierdie indruk gebring het, hulle aan die Vendagemeenskap gaan onttrek.

5.10 Ek was diep verontrus oor die vermoede in my oor hulle wat met opportunistiese planne doelbewus geloof waardigheid aan 'n onwerkbaar stelsel gee omdat hulle waarskynlik al reeds met swartbemattigingsmaatskappye besig is om te reël dat hulle maatskappye alles sal bestuur! Wie wil nou met 50 of 'n 100 boere sukkel as jy net met groot maatskappye kan skik. Die spreker namens die regering het net een model in sy kop gehad en dit was vir maatskappye om Levubu oor te neem, nie 63 of meer enkelboere nie.

5.11 Ek was diep verbitterd. In my gemoed was ek weer by die NG Kerk se kongres oor grondeise in Potgietersrus in Oktober 2003. Hier het die moderator van die sinode van Noord Transvaal tekste uit die Bybel voorgehou wat boere wys dit is hulle godsdienstige plig om hulle grond te gee vir hierdie sosialistiese grondbesit. Die verteenwoordiger van die algemene sinode het hierdie oorgawe van privaatbesit aan sosialistiese besit aangeprys as tekens van hoop en versoening. Die kerk wil met teksverse die boere in hierdie sosialistiese grondbesit inlei.

5.12 Ek was oorweldig deur die skreiende kontraste en onregte teen die landbou gemeenskap. Terwyl besighede en nywerhede in die land herhaaldelik verseker word van privaat besit en regeringsinstellings geprivatiseer word, moet die landboubedryf oorgegee word in sosialisme. Terwyl die regering se wette in plek is om aan alle Vendas privaat besit te gee en hulle los te maak van die gemeenskaplike besit van die stamme op hulle woonerwe, word gemeenskaplike besit ingestel op die privaatbesit van die landbougemeenskap.

6. Vaste standpunte en geloofsoortuigings wat ek in die vergadering gehad het.

6.1 Die sosialistiese en kommunistiese oortuiging van die regering is beslis en vas: privaat grond word onveranderlik gemeenskaplike besit; die verhouding tussen besit en verantwoordelikheid vir produksie word verbreek; die produksiemiddele is van die produsent ontnem, die produseerder word onderwerp aan die beheer van die arbeiders.

- 6.2 Die vergadering se rolspelers het of deur openlike steun of stilsyde 'n indruk gegee van 'n gees van onderneming van al die rolspelers om van hierdie sosialistiese droom 'n sukses te maak.
- 6.3 Die meeste boere sal hulle nie aan hierdie droom verbind nie maar net hulle geld vat en 'n ander heenkome soek of saamspeel met die plan om te speel vir tyd om 'n ander heenkome te vind
- 6.4 Dit plaas die gemeenskap van Levubu as 'n geheel binne in 'n sosiale ramptoeestand. Hierdie sosialistiese en kommunistiese droom gaan 'n armoede en ellende skep waarvoor daar geen oplossing gaan wees nie. Net soos daar vir die hospitale en geneesdienste wat ook met hierdie sosialistiese droom gedryf word geen oplossing is nie.

Die waan van 'n gesamentlike ondernemingsgees tussen die Venda gemeenskap en die landbougemeenskap wat van hierdie plan 'n sukses gaan maak, skreeu ten hemele.

Die Russe het ruimteskepe maan toe gestuur, die grootste kernduikbootvloot ter wêreld gebou en bedryf en in sewentig jaar kon hulle nie hierdie plan laat werk nie. Die Oos-Duitsers met hulle kundigheid, wetenskap, arbeidsaamheid, idealisme en tegniek kon in vyf en veertig jaar nie hierdie plan laat werk nie. Hulle het hulle eie gemeenskappe in armoede en ellende gestort waaruit hulle nou nog nie uit kan kom nie, maar die landbouers van Levubu en die Vendagemeenskap gaan dit laat werk!!

Die rampomvang van die armoede wat hierdie ywer gaan skep kan nie gepeil word nie. Dit gaan geslagte lank gevoel word en die hele Vendagemeenskap en Soutpansberg gemeenskap in 'n verwurgende ellende verstrik.

- 6.5 Die waarskynlike gevoel van die landbouers dat die regering nie ernstig is met die sosialistiese plan wat hulle openlik, reguit, eerlik sonder enige verdoeseling uitgespel het nie, is 'n misgissing.
- 6.6 Die sosialistiese en kommunistiese beginsels wat uitgestippel is, is teen die geloof en lewenswyse volgens die Woord van God. Dit gaan 'n korrupsie en wanorde skep waarin die eerbaarheid en diens van gelowiges geminag en misbruik gaan word deur die gieriges en opportuniste. Dit gaan na 'n godsdiens soek wat hierdie korrupsie, gierigheid en opportunisme sal klee in die taal van die Bybel.
- 6.7 Elke rolspeler is so besig om vir homself 'n eie voordeel te beding dat hulle nie ag slaan op die vernietiging van die gemeenskap deur hierdie sosialistiese en kommunistiese beginsels nie. Die meeste is nie eers bewus van die rol wat hulle speel om aan hierdie sosialistiese en kommunistiese beginsels van die regering vir landbou geloofwaardigheid, geldigheid en praktiese uitvoerbaarheid gee nie.
- 6.8 Geen een van die rolspelers is bewus van die feit dat hulle nou beginsels goedkeur en

hulle self tot die uitvoering daarvan verbind terwyl dit teenstrydig is met die geloof en godsdienstige lewenswyse waartoe hulle verbind is nie.

7. Die afsluitings gebed.

Hierdie persepsies, belewenisse, innerlike standpunte en geloofsoortuigings het ek tydens en binne die vergadering gevorm sodat ek in my gemoed aan die einde van die vergadering 'n helder en duidelik oortuiging gehad het van waarheen die gemeenskap van Levubu en Venda op pad is binne hierdie sosialistiese waan: dit is na 'n ongekende armoede en ellende waarvan ons die omvang nie kan bereken nie. Die persone wat rondom my gesit het sal daarvan kan getuig want ek het die meeste van hierdie sake openlik en hoorbaar verwoord of met my omstanders gedeel tydens die vergadering.

Van uit hierdie innerlike oortuiging het ek die gebed aan die einde van die vergadering gebid: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."

7.1 Die aanloop tot hierdie slotgebed.

Met die begin van die vergadering het die voorsitter uitdruklik gevra dat iemand uit die vergadering in Afrikaans die gebed sal doen om die vergadering te open. Daar was 'n baie lang en ongemaklike stilte waarin niemand in Afrikaans wou bid nie. Ek wou nie omdat ek onder die indruk was dat die organiseerders van die vergadering so iets sou reël. Uiteindelik het een van die Venda lede die vergadering met 'n Afrikaanse gebed geopen. Hierdie opening het die indruk in my versterk dat dit 'n gemeenskapsvergadering is en dat daar nie vaste reëlins vir die vergadering was nie.

Aan die einde van die vergadering het die voorsitter die vergadering verdaag en nadat die meeste begin opstaan het en na buite begin beweeg het, ek inkluis, het hy die vergadering weer probeer stil kry vir 'n afsluitingsgebed. Daar was opsigtelik ook nie vir 'n afsluitingsgebed beplan nie en niemand is deur die organiseerders van die vergadering daarvoor gereël nie.

Ek het onmiddellik besef dat hy deur 'n gebed godsdienstige stemming en waardigheid wou verleen aan wat in die vergadering gebeur het. Daar was weer die verwarring oor wie moet bid en van die mense om my het my versoek en na die voorsitter geroep dat ek sal afsluit. Ek het die druk aangevoel dat die vergadering hierdie keer deur iemand uit die Levubu gemeenskap afgesluit behoort te word. Ek het toe my hand opgesteek en die voorsitter se aandag getrek.

7.2 Die inhoud van die gebed.

Ek het in myself gevoel dat as ek op die sosialistiese en kommunistiese plan vir die uitleen van die grond en die indruk dat in die vergadering daar 'n gesamentlike onderneming van die rolspelers is om hulle aan hierdie visie te verbind, 'n seëngebed gaan doen, sal ek die naam van God misbruik. Ek kan nie God se seën vra vir iets wat God se Woord verbied nie.

Daarom het ek in die breukdele van sekondes waarin ek skielik uitgeroep is om hierdie vergadering af te sluit gevoel dat daar net een sin is wat die onbegrip van die rolspelers

oor wat hier aan die orde gestel is en waartoe hulle elkeen 'n bydrae gaan maak teenoor God aan die orde kan stel: "Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."

In my gemoed was dit die hoofsaak van die dag: die sosialistiese plan van die owerheid vir die uitleen van grond in gemeenskaplike besit en almal wat hulle met hierdie visie vereenselwig soos dit aan die vergadering voorgehou is met al die armoede en ellende wat dit gaan skep

Dit was 'n gebed uit my hart waarin alles wat ek van die vergadering ervaar, ingesien en beleef het in een sin teenoor God uitgestort het.

8. Die persepsies oor die gebed.

Daar sal baie en uiteenlopende persepsies oor hierdie gebed wees. Een wat ek graag wil aanspreek is dat dit 'n gebed was teen die mense wat hulle grond vrywillig wil en gaan verkoop.

Dit is gewoon nie waar nie. In my eie gemoed is hierdie saak afgehandel. Die vergadering het gegaan oor die uitleen van grond ná die vrywillige verkoop van grond. By herhaling het ek dit self duidelik aan die kerkraad en gemeente gestel dat elkeen self kan en moet besluit of hy in Levubu gaan bly of gaan verkoop. Dit is 'n vrye saak waarin niemand 'n ander kan voorskryf, verwyf of intimideer nie.

Ek het eers na die vergadering verneem dat hierdie vergadering uitsluitlik deur die vrywillige grondverkopers gereël was en dit oor hulle eie sake met die regering sou gaan. Ek was tot en na die vergadering vas onder die indruk dat dit 'n oop vergadering was waarin die regering die Levubu gemeenskap kom te woord staan het. Die vele wat dit bygewoon het wat nie eers grondeienaars is nie bevestig dat dit nie net my eie wanindruk was nie.

Dat ek my in hierdie vergadering in 'n gebed teen die vrywillige grondverkopers sou rig is nie waar nie. Ek was gewoon net nie bewus dat dit 'n eiesoortige vergadering is nie.

Waar ek na die gevoel van die verteenwoordigers van hierdie vergadering buite die orde van hulle vergadering opgetree het deur die gebed en die inhoud van die gebed, en op 'n eiesoortige vergadering inbreuk gemaak het, vra ek openlike en erkentlik om verskoning.

Ek rig hiermee saam 'n openlik versoek dat sulke vergaderings nie weer só gereël sal word dat dit vir almal oop is sonder dat die lede van die vergadering gewys word op hulle veronderstelde status in die vergadering nie.

Ook dat só 'n vergadering lede sal aanwys en vooraf kennis gee om te open of af te sluit. Die druk op iemand soos ek as leraar om in 'n vergadering te bid waar daar nie reëlins vooraf is nie, is baie hoog.

Vir die inhoud van die gebed binne die sosialistiese plan van die regering en die mense wat hulle met hierdie plan soos dit aan die vergadering voorgehou is, sal ek weer bid soos ek in die vergadering gebid het.

Om hierdie plan te visualiseer en te probeer uitvoer – is nie maar net nog 'n keuse wat net so vry en oop is soos die keuse om jou grond te verkoop of nie te verkoop nie. Dit is gewoon net iets anders.

Om jou eie plaas te verkoop of nie te verkoop nie is 'n vrye keuse wat enige persoon vryelik en met gewetensvryheid voor God kan neem. Om te glo aan die sosialistiese plan soos dit deur die regering aan die vergadering voorgehou is, is sonde. Dit sal die eerbare lewenswyse van gelowiges vernietig vir 'n korrupte stelsel waarin landbouers van die vrug van hulle eie hande arbeid vervreem gaan word.

Die eerste groepering van vrywillige verkopers en mense wat nie wil verkoop nie is 'n groepering waar albei groeperinge vreedsaam en met ewe veel reg en geldigheid binne een kerkgemeenskap kan en moet saam bestaan.

Die tweede en nuwe groepering, sou daar so iets wees, van mense wat glo aan die sosialistiese oortuigings oor besit soos dit deur die regering in hierdie vergadering uitgespel is, teenoor mense wat hierdie sosialistiese oortuiginge verwerp, is 'n onversoembare en teenstrydige groepering.

Hierdie groepering kan nie in die Gereformeerde kerk bestaan nie. Die sosialistiese en kommunistiese waardes wat aan die vergadering voorgehou is, is ongelowige oortuigings en waardes buite die kerk, nie net nog 'n groepering binne die kerk nie.

Met hierdie verklaring poog ek om die innerlike oortuiginge en ingesteldheid waarmee ek die vergadering van 19 Februarie afgesluit het, eerlik en openlik aan alle belangstellendes deur te gee. Ek nooi almal wat my wil aanspreek of wil gesels oor hierdie gebed met graagte uit om die vrymoedigheid te neem om dit te doen.

Ds. P.J. Kriel
Levubu
2004-02-21